VERJAARSDAE 13 TOT 29 JANUARIE 2008

01/14	MICHIEL	VAN NIEKERK	TUGELASTR 114	667 2777	26Aa
01/15	JAN	VENTER	DF MALANLN 211A	082 809 2361	11Aa
01/15	JOHAN	GERBER	DF MALANLN 133	664 0529	17Aa
01/16	KINAN	SCHOLTZ	CANTONMENTSWEG 29	082 826 2215	12Aa
01/16	CHRISTIAAN	GREYLING	HANS STRIJDOMLN 292A	084 402 2256	03Aa
01/17	BIEBSA	MURPHY	DF MALANLN 243A	664 6850	07Aa
01/18	SUNÉ	ROELOFFZE	DF MALANLN 29	664 4096	25Ab
01/19	ANTON	VORSTER	KRUGERLN 3	072 237 3968	24Aa
01/19	MAURIZA	SWART	DF MALANLN 121	082 492 5254	17Aa
01/19	LYNETTE	GOUWS	STRELITZIA WS 2	664 7605	04Ab

HUWELIKHERDENKINGS : 13 TOT 19 JANUARIE 2008

DONDERDAG, 17 JANUARIE

WYNAND EN BETSIE DEYSEL	ERIKA WS 4	664 2217	06Ac

SATERDAG, 19 JANUARIE

WALLY EN TINA HAYWOOD	VAN RIEBEECKLN 136	664 2468	15Ab

SPESIALE DIENS ...

1. VSH NA DVD...

Sit u herinneringe wat op VHS-bande is oor na 'n DVD.

2. LP-PLATE NA CD…

U kan u ou LP-plate afstof en die musiek oorskakel na 'n CD.

Ons pryse is bekostigbaar. Benodig u sulke Dienste?

KONTAK Thalia by 082 450 1629 OF (012) 653 7547 na 18:00
e-pos: atos@polka.co.za

Ned Geref Gemeente Lyttelton-Oos

FAMILIENUUS

Sondag, 13 Januarie 2008

Hartlik welkom in die erediens vanoggend

Webtuiste: www.lytteltonoos.org.za | Blog: www.lytteltonoos.org.za/blog

SONDAG, 13 JANUARIE
09:00 Erediens: Ds Freddie Schoeman (Gesinsdiens)
09:00 Kindereredienste
10:30 Erediens: Ds Freddie Schoeman
1500 Jeugkom en Mentoropleiding
17:30 Jeugdiens (Kategese)
19:00 Mosaïek

MAANDAG 14 JANUARIE
19:00 Week van gebed
19:30 Droomspanbyeenkoms

DINSDAG, 15 JANUARIE
19:00 Week van gebed

WOENSDAG, 16 JANUARIE
Inbetaling diakonie
19:00 Week van gebed

DONDERDAG, 17 JANUARIE
09:00 Bybelstudie Senior Lidmate
19:00 Week van gebed

SONDAG, 20 JANUARIE
Deurkollekte Motorwag
09:00 Erediens: Voorstel van Mentors
09:00 Kindereredienste
10:30 Erediens:
17:30 Jeugdiens (Kategese)
19:00 Mosaïek

MAANDAG, 21 JANUARIE
19:00 Droomspanbyeenkoms

DINSDAG, 22 JANUARIE
09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie

WOENSDAG, 23 JANUARIE
17:00 Biduur

DONDERDAG, 24 JANUARIE
09:00 Bybelstudie Senior Lidmate

NUWE INTREKKERS

Ons wil graag nuwe intrekkers ontmoet. Kom ons kry mekaar voor die kansel net na die diens vanoggend verby is.

VOORBIDDING

1. Mike en Dina Fisher, Smutsln 190a (664-6244) met Mike wat 'n operasie ondergaan het (Wyk 08Aa).
2. Johan en Davina Bauer, DF Malanln 257 (664-2230) met Johan wat herstel van beserings nadat hy geval het (Wyk 07Aa).
3. Meiring en Nelleke Gouws, Langebrinkweg 120 (664-3581) met Nelleke wat tuis herstel na operasies (Wyk 26Aa).
4. Leon en Rosalia Barnard, Smutsln 266 (644-1323) wat herstel na 'n ernstige motorfiets ongeluk (Wyk 05Ab).

MEEGEVOEL

Ons innige meegevoel aan Andries en Adéll Uys, Smutsln 120 (664-4598) met die afsterwe van Andries se Oupa. (Wyk 13Ab).

Sterkte word julle toegebid in hierdie tyd en die dae wat kom. Mag julle die Here se nabyheid intens ervaar.

ONS SOEK …

Ou verjaarsdagkaartjies om te verwerk en nuwes te maak vir hergebruik in die gemeente.

Skakel asseblief vir Belinda Veldsman (076 554 8357).

Baie dankie vir u hulp.

PREEK : SONDAG 6 JANUARIE 2008

IMMANUEL : GOD IS MET ONS

Prof Christina Landman

Psalm 46 is ‘n baie spesiale psalm.

Voordat die priesters van Israel dit neergeskryf en dit ‘n psalm geword het, is dit deur die ma’s gesing wanneer ‘n kind gebore is.

Vir baie eeue kon die mense in Israel nie lees of skryf nie (net die priesters kon).
Maar almal het die woorde van hierdie lied uit hulle koppe geken.
Wanneer ‘n kind gebore is, het die vroue by die geboortebed bymekaargekom en gesing:

“Ons sal nie bang wees nie,
God is met ons (Immanuel)”.

“Immanuel” was die naam wat die ma’s vir God gegee het, die mense wat die meeste met swaarkry te doen gehad het.
Wanneer ‘n kind gebore is, het die vroue by die geboortebed bymekaargekom en gesing:
“Ons sal nie bang wees nie,
God is met ons (Immanuel)”.
Dink net hoe hierdie lied van hoop die ma’s deur al die eeue gedra het.

Toe die babatjies deur die Farao in Egipte doodgemaak is, het hulle gesing:

“Ons sal nie bang wees nie,
Want God is met ons (Immanuel)”.

Toe die Israeliete deur die woestyn getrek het vir 40 jaar, en hulle nie geweet het wanneer sien hulle die beloofde land nie, en ‘n hele geslag in die woestyn gesterf het, het die ma’s nog gesing wanneer ‘n kind gebore is:

“Ons is nie bang nie,
God is met ons (Immanuel)”.

En toe die Israeliete in hulle nuwe land begin wortel skiet, en ‘n seun is gebore, dan het die moeder geweet die seun sal op 13 by die leër moet aansluit en waarskynlik sterwe. En tog het die ma en haar vriendinne by sy geboorte gesing:

“Ons is nie bang nie,
God is met ons (Immanuel).”

En wanneer ‘n dogtertjie gebore is, en die ma het geweet dat die dogtertjie op twaalf en ‘n half getrou sal word en dat sy soveel as moontlik kinders sou moes hê en waarskynlik in kraam sou sterf, dan het sy en die ander moeders nietemin by die geboortebed gesing:

“Ons is nie bang nie,
God is met ons (Immanuel)”.

Kom saam op ‘n ontdekkingsreis

Ontdek saam met ons hoe God se droom vir jou lewe kan waar word: ‘n lewe van liefde, vreugde en vrede

Ontdek die vyf groot waarhede wat jou lewe kan verander

Volg die spoor van God in sy Woord en in jou lewe

Hoe volg ek die spoor?

- **Woon al die eredienste van 3 Februarie tot 23 Maart 2008 by**
- **Pas die boodskap toe in jou huisgesin deur die huisgodsdiens-riglyne te volg**
- **Word deel van ‘n vriendskapsgroep wat elke week byemkaar kom**
- **Lees elke dag ‘n dagstukkie in jou stiltetyd**
- **Maak die vyf groot waarhede so deel van jou lewe**

RAAK OOK OP ANDER MANIERE BETROKKE

Help ons om God se droom vir ons gemeente waar te maak

Meld aan deur die ingeslote vorm in te vul.

GEMEENTEKONFERENSIE

Tema: 'n Gemeentebediening in lyn met God se droom

Doel: Om te besin oor 'n realistiese en effektiewe bedieningsmodel wat daarop gemik is om geestelike herlewing in die gemeente en breër gemeenskap te bevorder.

Elke lidmaat / voornemende lidmaat is welkom om dit by te woon

(Inligtingstukke is in die kerkkantoor beskikbaar)

Datum: 20 Januarie 2008
Tyd: 11:00 – 13:00
Plek: Yskor Lapa (sien kaart)

Na die tyd: Bring en Braai / Piekniek
Pak 'n piekniekmandjie of bring 'n vleisie en kom kuier saam!
(Vure sal voorsien word maar bring asseblief eie eetgerei, vleis en bykosse)



(Roeteaanwysers na die terrein sal ook aangebring word.
Kyk gerus uit daarvoor.)

Indien vervoer na die terrein verlang word, skakel met enige een van die volgende persone:

Johan Freysen (082-8055330)
Johan Bauer (0833053768)
Johan de Beer (082-4686562)
Kobus Badenhorst (083-2351084)
Freddie Schoeman (084-5818139)

En wanneer 'n dogtertjie gebore is, en die ma het geweet dat die dogtertjie op twaalf en 'n half getrou sal word en dat sy soveel as moontlik kinders sou moes hê en waarskynlik in kraam sou sterf, dan het sy en die ander moeders nietemin by die geboortebed gesing:

"Ons is nie bang nie,
God is met ons (Immanuel)".

Die gemiddelde ouderdom vir 'n man om te sterf in Oud-Israel was 28.
En die meeste jongmans het op die slagveld gesterf.
Die gemiddelde ouderdom vir 'n vrou om te sterf was 26, en die meeste sterf in kraam.
Net een persent van die mense word 50.

En tog, wanneer 'n baba gebore is, het die ma's gesing:

"Ons sal nie bang wees nie,
Want die Here is met ons (Immanuel)".

In later jare, ongeveer 200 vC, het die priesters hierdie lied van die ma's as 'n psalm neergeskryf.

Van toe af is hierdie lied as 'n psalm in die tempel gesing.
Die psalms in die tempel is deur die mans gesing. Mans en vroue het nie in daardie dae saamgesing nie!
Maar bo-aan die psalm (46) staan, soos julle kan sien, 'n herinnering aan die mans dat hulle die psalm moet sing op die wysie wat die ma's dit gesing het.

En so het die mans in die tempel dan hierdie lied gesing op die wysie wat die ma's dit oor al die eeue heen gesing het, in tye van goedgaan, maar ook in tye van swaargaan.
En wat het hulle gesing?

"Ons is nie bang nie,
Want God is met ons (Immanuel)".

Eintlik, in al die groot liedere in die Bybel wat mans en vroue gesing het, het hulle aangehaal uit hierdie lied van hoop (Ps 46):

1. Moses en Mirjam se lied (Ex 15)
2. Barak en Debora se lied (Rigters 5)
3. Hanna se lied (1 Sam 2)
4. Maria se lied (Lukas 1:47)
   IMMANUEL

1. Die eerste een is Moses en Mirjam se lied wat hulle (apart van mekaar) gesing het toe die Israeliete uit Egipte en deur die Rooi See is (Exodus 15).

En wat het hulle gesing?

"Ons hoef nie bang te wees nie,
Want God het gewys Hy is Immanuel!"

2. Barak en Debora (Rigters 5)
   Nadat die Here die oorwinning aan Israel gegee het oor sy vyande, sing Barak en Debora ‘n lied.
   En wat sing hulle?

“Ons was nie bang nie,
Want God is met ons (Immanuel)”.

3. Hanna (1 Samuel 2)
   Hanna het God vir ‘n kind gevra.
   God luister na al ons behoeftes.
   Geen gebed is vir God onbelangrik nie.
   Na Samuel gebore is, het Hanna ‘n lied tot God gesing. En wat het sy gesing?

“Ek het geweet ek hoef nie bang te wees nie:
God is met my (Immanuel)”.

4. Maria, die moeder van Jesus (Lukas 1:46)
   Toe die engel vir Maria sê sy sal ‘n Kind in die wêreld bring en Sy naam sal Immanuel wees, het sy presies geweet wat hy bedoel. Want ook Maria het hierdie lied van die vroue (Ps 46) geken. En sing sy dit ook in haar eie lied (Magnificat).

Baie jare later, het Martin Luther ook die woorde van Psalm 46 gebruik vir sy lied “’n Vaste burg is onse God”.
Toe dinge hopeloos gelyk het, en hy vir sy lewe gevrees het, het ook Martin Luther gesing:

“God is my beskerming en my beskutting,
Ek sal nie bang wees nie,
Want God is met ons (Immanuel)”.

Kom ons sluit af, en kyk vinnig na drie temas uit Psalm 46 wat ons saam met God se mense van ouds kan sing, en wat ons hierdie jaar van hoop met ons kan saamneem:

1. Woede en nood

Ons durf ons nood onder God se aandag bring.
Wanneer daar geweld en diskriminasie en bedrog in die samelewing is,
Wanneer ons kinders onveilig is,
Wanneer ons vroue verkrag word,
Wanneer ons mans hulle werk verloor en gekaap word.
En dan mag ons woedend na God toe uitroep en ons nood onder Sy aandag bring.

En dan sê Psalm 46:2 vir ons:

“God is vir ons ‘n toevlug en ‘n beskerming.
Hy was nog altyd bereid om te help in nood.”

2. Ons kan weet dat God dinge kan verander.

In die boek Jona lees ons van ‘n man wat nie wou gaan toe God hom gestuur het om vir die vyand verlossing te preek nie.

Ons lees van ‘n storm en ‘n man wat in ‘n vis se maag geland het. Maar dis nie waaroor die storie van Jona gaan nie. Die storie van Jona gaan oor ons God wat ‘n hele samelewing kan verander!

En dit is ons hoop: God kan ‘n hele samelewing verander.
Ps 46: 9: Kom kyk wat die Here gedoen het, watter ontsettende dinge Hy op die aarde tot stand bring.

3. Ons kan God dank dat Hy ons hoop is.

God kyk al eeue na ons, en sal dit nog doen vir die eeue wat voorlê.
Daarom kan ons saam met Psalm 46 sing:

“Ons is nie bang nie:
Want God is met ons (Immanuel)”.

GEBED:

Leier: God is vir ons ‘n toevlug en ‘n beskerming
Almal: Here, beskerm ons teen misdaad en ongeregtigheid
Leier: God was nog altyd bereid om te help in nood
Almal: Here hoor ons noodkreet uit ‘n land met te veel geweld
Leier: Daarom is ons nie bang nie, al gee die aarde pad
Almal: Here, wys vir ons die pad aan dat ons kan help optree teen misdaad
Leier: God sal help, nog voor die môre kom
Almal: Here, dankie dat ons kan weet U sal ons help, en gou ook
Leier: Kom, kyk wat die Here gedoen het
Almal: Dankie, Here dat U dinge kan verander
Leier: Kom, kyk watter geweldige dinge Hy op die aarde tot stand bring
Almal: Dankie, Here, dat U ‘n hele samelewing se harte kan verander
Leier: Die oorloë oor die hele aarde laat Hy ophou
Almal: Dankie, Here, dat U ook die geweld sal laat ophou
Leier: Pyle en boë verbreek Hy, spiese slaan Hy stukkend
Almal: Dankie, Here, dat U ook die probleme in ons lewe sal laat ophou
Leier: Dankie dat u Immanuel, God met ons, is
Almal: Help ons om op te staan teen geweld en probleme
Leier: Dankie dat, waar u is, daar lewe en hoop is
Almal: Ons sal ook nie bang wees nie, want u is ons Here en ons beskutting
Almal: Die Here, die Almagtige, is by ons,
Die God van Jakob is vir ons ‘n beskutting.

AMEN